Verwysing: 20201202-90
Lêerno.: 12/2/2/P
Navrae: N Simons

Kurrikulum VOO-minuut: DCF 0001/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Kringbestuurders, Vakadviseurs en Hoofde van inrigtings in die Algemene- en Verdere Onderwys en Opleidingsband, Prinsipale van vaardigheidskole en openbare skole

Onderwerp: Leiding oor die inwerkingstelling van die beroepsgeoriënteerde kurrikulum in vaardigheidskole en bekendstelling van beroepsgeoriënteerde kurrikulum in openbare skole

1. Die Departement van Basiese Onderwys het Omsendbrief S10 van 2020, met 19 November 2020 as datum (aangeheg as **Bylae A**), oor riglyne vir die inwerkingstelling van die beroepsgeoriënteerde kurrikulum in vaardigheidskole en die bekendstelling van die beroepsgeoriënteerde kurrikulum in openbare skole vrygestel. Dit maak deel uit van die versterking van die drie-strome model in die basiese onderwyssektor.

2. Die Raad van Onderwysministers het goedgekeur dat die beroepsgeoriënteerde kurrikulum in vaardigheidskole in 2017 van stapel gestuur word. Die proefprojek wat oor vier jaar gestrek het, moet in 2020 afgehandel wees. Volledige inwerkingstelling van die beroepsvakke in alle vaardigheidskole sal in 2021 begin.

3. Twee-en-twintig openbare skole wat toegerus is om die beroepsgeoriënteerde vakke te bied, is gekies om hierdie kurrikulum vir graad 8 in 2021 en graad 9 in 2022 van stapel te stuur (kyk **Bylae B**).

4. Die konsepvakverklarings vir die beroepsgeoriënteerde kurrikulum was op 29 November 2020 vrygestel en sal met die skole wat hierdie kurrikulum gaan loots, bemiddel word.

5. Die doel van die konsepberoepsgeoriënteerde kurrikulum se proefprojek is om te verseker dat die kurrikulum doeltreffend is, en om veranderinge aan te bring voordat dit versprei of oral aangebied word.

6. Die gekose openbare skole wat die konsepberoepsgeoriënteerde vakke in graad 8 in 2021 en graad 9 in 2022 van stapel sal stuur, sal voortgaan om die Nasionale Senior Sertifikaat-vakke, d.w.s. Huistaal, Eerste Addisionele Taal, Wiskunde, Natuurlike Wetenskappe, Sosiale Wetenskappe en Lewensoriëntering, te bied, maar mag een, maar nie meer as twee van die volgende drie vakke, Tegnologie, Kreatiewe Kunste en/of Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe, met een, maar nie meer as twee beroepsgeoriënteerde vakke vervang nie.

7. Die twee-en-twintig skole wat graad 8 in 2021 van stapel stuur, moet die volgende faktore wat die suksesvolle lewering van die bekendstelling sal beïnvloed, in ag neem: personeelverskaffing, roosterindeling, hulpbronne, en lokaaltoewysing. Vakspesialiste sal kurrikulumondersteuning vir die bekendstelling van hierdie vakke by skole verskaf.

8. Skole wat hierdie beroepsgeoriënteerde vakke in graad 8 vanaf 2022 in werking wil stel, moet met die ondersteuning van die kringbestuurder via die beheerliggaam aansoek doen. Hierdie skole sal geoudit word om te bepaal of hulle voldoen aan die vereiste hulpbronstandaarde, ingeslote menslike hulpbronne en infrastruktuur, om 'n volgehoue inwerkingstelling te handhaaf.

9. U word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle provinsiale en distriksamptenare, prinsipale en onderwysers by openbare en onafhanklike skole, en betrokke rolspelers te bring.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2021-01-21